Bepalings en Voorwaardes

1. **Inleiding**
    - Die De Goede Hoop-webblad is ’n onafhanklike webwerf, saamgestel en gepubliseer op http://degoedehoop.co.za, deur AfriForum.

2. **Beperkte aanspreeklikheid en vrywaring**
    - Die gebruiker gebruik die webwerf op eie risiko.
    - Deur die gebruik van http://degoedehoop.co.za, gee die gebruiker De Goede Hoop toestemming om hom/haar te kontak op enige van die kontakbesonderhede
    - De Goede Hoop is nie aanspreeklik vir enige verlies, uitgawe of skade van welke aard ook al wat die gebruiker mag ly of aangaan as gevolg van sy/haar toegang tot of gebruik van enige inligting vervat op die webwerf nie, insluitend, sonder beperking, enige verlies, uitgawe of skade wat tot stand gekom het as gevolg van een van die volgende:
        - foutiewe inligting vervat op die webblad;
        - ongemagtigde toegang tot of wysiging van die webblad deur ‘n derde party;
        - die onbeskikbaarheid van die webblad;
        - die vernietiging van die gebruiker se data of rekenaartoerusting, of die data of rekenaartoerusting van ‘n derde party wat die gebruiker gebruik het om toegang tot die webblad te verkry;
    - De Goede Hoop behou die reg voor om die webwerf en/of die inhoud daarvan op sy eie diskresie en te enige tyd te verander, op te gradeer of op te skort.

3. **Privaatheid**
    - Die gebruiker gee toestemming dat De Goede Hoop sy/haar persoonlike inligting mag insamel wat die gebruiker aan ons bekend maak deur die webwerf te gebruik.
    - De Goede Hoop kan sodanige persoonlike inligting gebruik vir doeleindes van bemarking van produkte binne die Solidariteit Beweging en vennote, asook om die funksionaliteit van die webblad te verbeter.
    - Die gebruiker gee hiermee toestemming dat De Goede Hoop sy/haar persoonlike inligting aan die webwerf se diensverskaffers en vennote mag gee ten einde die webblad te bedryf.
    - Koekies (cookies): ’n Koekie, ook bekend as ’n HTTP-koekie, webkoekie, of **blaaierkoekie,** is ’n klein hoeveelheid data wat van ’n webwerf af gestuur word en in die gebruiker se webblaaier gestoor word terwyl die gebruiker die webwerf gebruik.

- Elke keer as die gebruiker die webwerf besoek, stuur die blaaier die koekie na die bediener terug om die webwerf van die gebruiker se vorige aktiwiteit te verwittig.
- Koekies is ’n betroubare instrument by die ontwerp van webwerwe om inligting op ’n staat (soos items in ’n e-inkopiewaentjie) te onthou of om die gebruiker se blaai-aktiwiteite (insluitend klikke op spesifieke knoppies, intekening, of die bladsye wat maande of jare gelede deur die gebruiker besoek is) vas te lê. De Goede Hoop gebruik sulke koekies.

9. **Algemeen**
    - De Goede Hoop mag die bepalings en voorwaardes van die De Goede Hoop-webblad te enige tyd wysig. Deur die webblad te besigtig, verbind die gebruiker hom-/haarself tot die jongste weergawe van die bepalings en voorwaardes.
    - Die gebruiker besef dat dit sy/haar plig is om vertroud te wees met die jongste weergawe van die De Goede Hoop se bepalings en voorwaardes.
    - Geen ander bepaling of voorwaarde vir die gebruik van die webwerf behalwe die nuutste weergawe op die webwerf sal as bindend beskou word nie en die gebruiker verbind hom/haarself onherroeplik hiertoe.
    - Indien ’n dispuut oor die inhoud van die jongste gebruiksvoorwaardes sou ontstaan, sal die besluit van De Goede Hoop in die verband finaal wees.